

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6**

**Fokusgedeelte: Openbaring 3:5**

Sardis was 'n stad op 'n berg wat baie moeilik deur vyande aangeval kon word. By die inwoners was daar 'n gevoel dat hulle onoorwinlik was. Hierdie gesindheid het ook na die gemeente in Sardis oorgespoel.

Anders as in die ander briewe aan die gemeentes in Klein-Asië, het Christus vir hierdie gemeente niks goeds te sê nie, ook maak Hy van geen vervolging melding nie. Die gemeente in Sardis het alles reg gedoen. Hulle leer was nog suiwer. Eredienste is gereeld gehou. Op die oog af was dit 'n goeie gemeente. Niemand in Sardis was kwaad vir hulle nie, en hulle het ook niemand gepla nie. Die krag van die Heilige Gees was egter afwesig.

Tog was alles nog nie verlore nie. In hulle midde was daar nog 'n paar wat nie hulle klere besoedel het nie. Hulle het nie gelyk,

gedink en gedoen soos die res van Sardis nie. Aan hulle doen en late kon 'n mens sien dat die Gees hulle aangespoor het om Christus na te volg. Daarom het hierdie groepie mense 'n hemelse hoop gehad om as oorwinnaars eendag by God en by Christus te wees.

Nog meer! Dit is daar, voor die Vader en al die engele, waar Christus hulle name gaan "bely". Hy gaan sê dat hulle tot in ewigheid aan Hom behoort en saam met Hom gaan lewe.

Laat die Gees jou in die lig van die Woord in die voetspore van Christus lei. Weet dan dat Jesus jou naam eendag voor die Vader en al die engele sal "bely"!

**Christus  
bely jou naam!**



Publikasie  
Publication



Nr./No.: P03